

Aanskoulike vertoning

by NASAFI 2016

M. Mostert

SPRINGBOK – Dit is soetkoek om veilig op die grond te staan en 'n modelvliegtuig met 'n radiobehoorde toestel in die lug te hou. Al wat kan seerkry, is jou nekspiere omdat jy die heelyd moet opkyk en jy kan dalk 'n kramp in jou vingers kry van knoppies en hefboom-pies hanteer. O, so 'n verkeerde persepsie, veral as jy moet uitvind dat 'n Jet 392 km/h kan haal!

Gedurende die Oktober skoolvakansie het die tweede NASAFI by die Springbok vliegveld plaasgevind. Jan Fourie vertel dat hierdie byeenkoms twee keer so groot soos verlede jaar s'n was. In 2015 was daar 18 loods-inskrywings. Vanjaar het 29 loodse hul vernuf van 4 – 8

Oktober kom wys. Daar was helikopters, vastevlerk vliegtuigies en Jets. Dit is die eerste keer dat Jets aan die vertonings deelgeneem het.

Die vertonings was basies elke dag dieselfde, want daar was op die verskillende dae ander skares wat kom kyk het. Jan sê die ouens vlieg wanneer hulle wil; daar was nie 'n vaste skedule nie. Die byeenkoms is net 'n lekker bymekaar kom vir radiobehoorde loodse.

Hulle het vanjaar ook die tweede nasionale spoedvlug gedoen. Twee kameras is op sekere punte opgestel wat dan die spoed van 'n vliegtuig windop en -af meet. Die vliegtuie moet 4 keer tussen die punte vlieg. Die wenner vanjaar is Dean Grobbelaar met

'n Jet 21 kg wat 392 km/h opgestel het.

Die miniatuur valskermspringers was siestoggies oulik. Die mannetjies is met vliegtuigies die lug opgeneem en dan laat spring. Die radiobehoorde op die grond beheer die toutjies sodat die mannetjies netjies op die aangewese terrein land. Gelukkig het niemand 'n been gebreek nie.

Daar het vanjaar 'n lekker gees geheers. Omdat dit in die vakansie was, het gesinne en somer in party gevalle families saamgekom om die geleentheid mee te maak. Dit is nogal 'n duur storie om die vliegtuigies hier te kry, want die loodse doen dit op eie onkoste. Die meeste loodse kom van Kaapstad, Pretoria en selfs Tzaneen doer bo in die ou Transvaal.

Die plaaslike deelnemers is Jan wat 'n vastevlerk vliegtuig het, Pieter Bosman en JC Lucas wat elk helikopters besit.

Pieter en Johan Loubser was die paneel beoordelaars wat die loodse bepaal het wat pryse gewen het en die spoedvlug beoordeel het.

Daar was ook vir die snellerverskriktes (trigger happy) 'n pret vir die dag. Die Paintball-klub het hul gewere en ammunisie gebring. Jy kon teen 'n bedrag 'n geweer en 'n paar verballe koop en dan die vliegtuigies uit die lug probeer raakskiet. Nog beter, daar was ook Aartappelgeweer-uitdagings wat dieselfde teiken gehad het. Niemand kon daarin slaag om 'n vliegtuig neer te skiet nie.

Die etes vir die deelnemers was goed georganiseer. Daar was verversings en ontbyt en aandetes. Jan sê hulle beplan om weer in die Oktobervakansie in 2017 die byeenkoms te hou. Dan wil hulle 'n bietjie uitbrei deur stalletjies daar te hê en nog meer loodse te lok.